

Oktober 2021

RUSLAND II MET PASSIESPEL NADERE BESONDERHEDE

18 Augustus – 03 September 2022 (17 dae)

PRYS: R58 900 plus ongeveer R8 970 vir lughawebelasting en footjies asook koste van reisversekering en Schengenvisum vir besoek aan Oberammergau

INGESLUIT BY DIE TOERPRYS:

- Vlieg op **18 Augustus** met **Lufthansa: Johannesburg – Frankfurt en op 19 Augustus Frankfurt – Moskou**
- Opwindende bootvaart van Moskou na St Petersburg
- Stadstoere van Moskou en St Petersburg asook besigtigingstoere en uitstappies o.l.v. plaaslike gidse by vasmeerplekke waar aan land gegaan word. Die boot bied talle opsionele uitstappies vir passasiers aan. Van hierdie uitstappies, ter waarde van meer as **R6 000**, word uit die staanspoor by CvW-Toere se toerprys ingesluit. Sien OPSIONELE UITSTAPPIES
- Talle ekstras in die vorm van eg-Russiese opvoedkundige, vermaaklikheids- en ontspanningsgeleenthede.
- Drie etes per dag op die boot
- Voltydse, Engelsspreekende Russiese toergids aan boord
- Tweetalige Suid-Afrikaanse toerleier vergesel groep
- Vlieg op **29 Augustus** met **Swiss Air: St Petersburg – Zürich**
- Twee nagte verblyf en twee etes per dag in Switserland
- Voldag uitstappie in Switserland
- Busvervoer na Oberammergau en terug na Zürich
- Verblyf (twee nagte) en twee etes per dag in die omgewing van Oberammergau
- Passiespelpakket wat Kategorie 1-Passiespelkaartjies en Engelse handleiding insluit
- Vlieg op **2 September** met **Swiss Air: Zürich – Johannesburg** vir aankoms op **3 September**

NIE BY DIE TOERPRYS INGESLUIT NIE

- Lughawebelasting/brandstofheffing: Ongeveer **R7 130**
- Footjies vir gidse, busbestuurders en hotel-/bootpersoneel. U betaal dit vooraf in Suid-Afrika sodat u nie u sakgeld gedurende die toer daarvoor hoef te gebruik nie. Die footjies beloop ongeveer **R1 840**
- Die koste van 'n Schengenvisum en verpligte visumdiensfoo vir Duitsland (om die Passiespel by te woon) beloop ongeveer **R1 900**. Volledige besonderhede oor visums volg later
- Reisversekering, waaroor u later volledige besonderhede sal ontvang
- Bybetaling vir enkel-akkommodasie (indien van toepassing): Sien ENKELVERBLYF
Junior Suite is beskikbaar teen 'n bybetaling van **R10 800** per suite (2 persone)
- Binnelandse aansluitingsvlugte: Bespreek en betaal dit self of reël deur ons toeragent, Benita Venter van Fernweh Travel
- Vervoer na en van Johannesburg en ander binnelandse lughawens
- Persoonlike uitgawes soos telefoonoproepe, aandenkings, drankies, ekstra verversings, opsionele uitstappies (Sien OPSIONELE UITSTAPPIES) ens.

ENKELVERBLYF

Toerlede kan enkelverblyf in 'n dubbelkajuit op die boot kry, asook 'n enkelkamer in die hotel in Switserland mits hulle bereid is om 'n bedrag by te betaal.

- **Enkelverblyf op boot:** ± R11 520. Daar is nie enkelkajuite op die boot in Rusland beskikbaar nie. Die bybetaling is dus vir die **enkelgebruik van 'n dubbelkajuit**
- Enkelpersoonbybetaling vir suite (indien beskikbaar): R22 320
- Enkelbybetaling vir hotel in Switserland ± R1 111

BELANGRIK: Daar is nie enkelkamers op al die toere in Oberammergau beskikbaar nie.

Indien u as enkeling reis, moet u moontlik bereid wees om in Oberammergau (twee nagte) met een van die ander enkellopende toerlede 'n hotel-/gastehuiskamer te deel. Ons sal uit die enkellopende toerlede die mees geskikte plasing vir akkommodasie in Oberammergau probeer maak.

OPSIONELE UITSTAPPIES

In Rusland het ons feitlik alle opsionele toere wat deur die boot aangebied word, by u toerprys ingesluit. Behalwe vir die stadstoer in Moskou wat 'n besoek aan die Kremlin en die Rooiplein insluit, is die volgende ook ingesluit: 'n Besoek aan die *Armoury* (wapenkamer), ondergrondse treinstasies en Arbatstraat. 'n Besoek aan 'n **sirkus in Moskou** (± 70 euro) – indien daar 'n vertoning is – is opsioneel en kan vir belangstellendes gereël word. Die uitstappie **Moscow by night** (± 35 euro) is **opsioneel** en word op die boot in Rusland betaal.

'n Middagete in 'n plaaslike restaurant word spesiaal gereël en uit die staanspoor by die toerprys ingesluit, sodat toerlede 'n eg-Russiese maaltyd kan geniet.

In St Petersburg is 'n stadstoer, besoek aan die Hermitage-museum, die *St Isaac*-katedraal, Peterhof (die tuine en somerpaleis van tsaar Peter die Grote) asook 'n folklore-vertoning by u toerprys ingesluit. 'n **Balletvertoning** in St Petersburg is **opsioneel** (± 120 euro of meer) en sal slegs kan realiseer indien daar op die betrokke aand 'n uitvoering is.

INSKRYWING

Vul asseblief 'n Inskrywingsvorm in, al het u dit reeds voorheen gedoen. Sodoende kan ons seker maak dat ons u mees onlangse besonderhede het en dat daar nie verwarring ontstaan oor watter toer u wil onderneem nie.

'n Inskrywing is geldig wanneer ons u deposito **tesame** met die Inskrywings- en Vrywaringsvorm ontvang het. Die Inskrywingsvorm moet volledig voltooi word met u **volle name soos dit op u paspoort verskyn!**

U ontvang binnekort Omsendbrief 1 met onder andere besonderhede in verband met klere wat u moet saamneem en dies meer. Daarna ontvang u nóg omsendbriewe met nuus en inligting. **Laat weet ons asseblief indien enige van u kontakliging soos adres-, e-posadres of telefoonnommer(s) verander.**

BEREKENING VAN TOERPRYS

'n Toerprys bestaan hoofsaaklik uit die koste van die vliegkaartjie plus die landreëlings en kan aangepas word indien omstandighede buite ons beheer dit noodsaak. Die vliegkaartjie se prys verander nie. Die prys van die lughawebelasting is aan die wisselkoers en brandstofprys gekoppel en word bepaal op die dag van uitreiking.

DEPOSITO'S

Daar is verskillende deposito's ter sprake: 'n **Passiespeldeposito** en 'n **Toerdeposito**.

Toerdeposito: R8 000 per persoon

Passiespeldeposito: R12 000 per persoon

FINALE BETALING

Die volle toerprys plus alle ander geld (fooitjies, versekering ens.) vir die toer moet vóór **18 April 2022** betaal word.

WYSE VAN BETALING

- ▶ Vliegkaartjies en lughawebelasting kan per kredietkaart of direk aan CvW-Toere betaal word. U sal op die Vliegkaartjiebestelvorm wat u met omsendbrief 1 ontvang, u keuse van betaling kan invul.
- ▶ **Bankdeposito/EFT:** word deur inbetalings/elektroniese oorplasinge aan CvW-Toere gemaak.
- ▶ **Kredietkaartbetalings:** Dit is moontlik om betalings met 'n kredietkaart via CvW-Toere se webblad (www.travelentoer.co.za) te doen. **BELANGRIK:** 'n Bankdiensfooi van **4% van die bedrag** geld vir kredietkaartbetalings via die webblad. **Hierdie bedrag moet deur inbetalers bereken en ekstra betaal word. Aangesien dit die toerprys onnodig duurder maak, beveel ons dit nie aan nie.**
- ▶ **Kontantinbetalings:** Alle geld wat in banknote inbetaal word, moet die ekstra kontantinbetalingskoste insluit. Vra asseblief u bank hoeveel dit beloop (ongeveer **1% van die inbetalingsbedrag** kan hiervoor begroot word). Ons aanvaar ongelukkig nie meer kontant by die kantoor nie. Betaal asb. kontant by Standard Bank in.

Bankbesonderhede:**Christine van Wyk-Toere****Standard Bank Tjekrekening** (Lopende rekening / *Current account*)Takkode: **051001**Tjekrekeningnommer: **410 722 782****NB: Gebruik u VOORLETTERS EN VAN as verwysing met betalings** en nie die toer se naam of u noemnaam nie.**KANSELLASIE**

Indien u genoodsaak is om u toer te kanselleer, geld die volgende voorwaardes en terugbetalings:

Terugbetaling van Passiespeldeposito

Omdat CvW-Toere die volle Passiespelpakkette aan Oberammergau oorbetaal, loop ons die risiko om die geld te verloor indien u u bespreekte plek op 'n toer kanselleer en dié plek nie deur iemand anders geneem word nie. Indien u genoodsaak is om te kanselleer kan ons slegs u Passiespeldeposito terugbetaal indien ons daarin slaag om u Passiespelpakket te herverkoop.

Terugbetaling van toerdepositoIngeskrewe toerlede wat vóór **18 Maart 2022** skriftelik kanselleer, kry **R7 500** per persoon van die toerdeposito terug. Toerlede wat **daarná, tot 18 April 2022** kanselleer, kry **R7 000** per persoon terug. **Ná 18 April** word **geen deposito's** terugbetaal nie.

- ▶ Indien 'n toerlid genoodsaak is om vanweë siekte voor **18 April 2022** te kanselleer, word die volle deposito minus R500 per persoon by voorlegging van 'n doktersertifikaat terugbetaal. In die geval van kansellasië as gevolg van siekte ná betaling van die volle toerprys, geld u reisversekeringsdekking.
- ▶ Sodra die nodige **reisversekeringspolis** wat vir kansellasiëdekking voorsiening maak, uitgeneem is, kan u, indien u genoodsaak is om die toer te kanselleer, u geld van die versekeringsmaatskappy terugeis. Die rede vir kansellasië moet natuurlik kragtens die polis aanvaarbaar wees. Volledige besonderhede oor reisversekering sal gestuur word aan almal wat inskryf. Toerlede het die keuse om hul versekering deur CvW-Toere uit te neem of dit privaat te doen en dan net die reisversekeringsdokumente as bewys aan ons te verskaf.

Toerdeposito's van toerlede wat kanselleer, word terugbetaal wanneer die toer afgehandel is.**VLIEGKAARTJIES EN EIE VLUKTE**Alle vliegkaartjies word deur **FERNWEH TRAVEL** uitgereik. Die toerprys sluit vliegkaartjies in, maar nie lughawebelasting en binnelandse aansluitingsvlugte na en van Johannesburg nie.

Indien u nie die groepvlug gebruik nie, kan u die prys van die groepvlugkaartjie van die toerprys aftrek.

Die bedrag ter sprake is: **R5 860****WEGBREKERS**Dit is moontlik om voor of ná afloop van die toer op u eie te reis (met ander woorde van die bestaande toerprogram weg te breek). U kan steeds die groepvlug gebruik, maar u moet u vlugte met Benita van Fernweh Travel bevestig. Die lugdiens hef 'n **wegbrekersfooi** van ongeveer **R500** indien u u groepvlug wil aanpas.Kontak **Benita** by **Fernweh Travel (verkieslik per e-pos)** vir meer inligting en reëlings in verband met wegbreekvlugte.**KONTAKBESONDERHEDE****Benita Venter Fernweh Travel:****E-pos:** benita.venter1@gmail.com**Tel:** **072 935 3679****PASPOORTE (DRINGEND!)****Maak asseblief seker dat u paspoort vir minstens 6 maande ná u terugkeerdatum uit Europa geldig is.** Daar moet ook genoeg skoon bladsye, vir veiligheid minstens drie, in u paspoort wees. Dit is vir visums en doeanestempels.**LW:** Dit neem tyd om 'n nuwe paspoort uit te reik. Indien u paspoort nie reg is nie, kan dit veroorsaak dat u nie betyds u Duitse Schengenvisum bekom nie.

MINDERJARIGES WAT SAAM MET U REIS (Indien van toepassing):

BAIE BELANGRIK: Alle visumaansoeke vir minderjariges moet saam met 'n oorspronklike *unabridged*-geboortesertifikaat ingedien word. 'n *Unabridged birth certificate* verskil van die standaardgeboortesertifikate wat deur Suid-Afrika se Departement van Binnelandse Sake uitgereik word. Dit bevat onder andere die kind asook albei ouers se volle name en identiteitsnommers op één, amptelike dokument.

Kontak ons indien u beplan om minderjariges saam met u op reis te neem.

GESONDHEID EN TOERFIKSHEID

Dit is vanselfsprekend dat iemand wat oorsee wil reis, se fisieke en emosionele gesondheid van só 'n aard sal wees dat hy/sy redelik onafhanklik oor die weg kan kom.

Hierdie toer is veeleisend, aangesien die meeste van die stadstoere en besoekpunte op die toerprogram te voet aangedurf word. Toerlede wat nie onafhanklik oor die weg kan kom nie, moet 'n toermaat/familielid saamneem wat hulle kan help en na hulle kan omsien sodat hulle nie heelyd van mede-toerlede afhanklik sal wees of die groep se belange op enige manier benadeel nie.

Basiese riglyne vir toerfiksheid is dat 'n mens onafhanklik in-en-uit 'n toerbus of boot moet kan klim, onafhanklik 'n stel van 15 trappe, insluitend roltrappe, kan klim en ongeveer 1 km op jou eie moet kan stap. 'n Mens moet deurentyd jou eie handbagasie kan hanteer en bereid wees om jou groot (inweeg)tas by jou hotelkamer te besorg indien daar nie bagasiediens beskikbaar is nie. U moet bereid wees om op eie koste 'n huurmotor te gebruik indien 'n besoekpunt tydens die toer vir u te ver is om te stap. Indien u nie aan hierdie riglyne voldoen nie, MOET u iemand saamneem wat na u kan omsien.

COVID

Dit blyk dat 'n bewys van inenting teen die Coronavirus ('n sogenaamde 'inentingspaspoort') voortaan noodsaaklik vir internasionale reis sal wees. Dit kan ook wees dat 'n negatiewe Covid-toets 48-uur voor vertrek voldoende is. Daar is nog geen amptelike verklarings hieroor uitgereik nie, maar hou dit solank in gedagte. Ons sal u op hoogte van die verwickelinge en vereistes hou.